Universiteit van Pretoria

# DIE NOUTETIESE BERAAD: BYBELS OF BIBLISISTIES?

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE NOUTETIESE BERAAD: BYBELS OF BIBLISISTIES?

**PROF. T F J DREYER**

Intreerede gelewer op 1 November 1984 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Praktiese Teologie (Afdeling A), Fakulteit Teologie (Afdeling A), aan die Universiteit van Pretoria.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# CURRICULUM VITAE

## T F J DREYER

**THEUNIS FREDERIK JACOBUS DREYER is gebore op 8 Desember 1946 te Potchefstroom.**

— Matrikuleer 1963, Hoërskool Gimnasium, Potchefstroom.
— B.A., 1966, Universiteit van Pretoria.
— B.D. (met lof) 1969, Universiteit van Pretoria.
— Doktorale eksamen 1970, Universiteit van Pretoria.
— D. Theologie, 1974, Rijksuniversiteit Utrecht (Nederland) promotor Prof H Jonker.
— Vanaf 1970 predikant in die volgende gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk : Krugersdorp-Noord, Noord-Rand, Voortrekkerhoogte, Hartebeestpoort.
— Sedert 1977 tydelik-deeltydse dosent in die Departement Praktiese Teologie, Afdeling A, Universiteit van Pretoria, met die vak Poimeniek as opdrag.

**PUBLIKASIES:**

1. **Gepubliseerde boeke:**

   1.1 J J van Oosterzee as homileet (1817-1882), Utrecht 1974.
   1.2 Poimeniek, 'n pastorale oriëntasie, Pretoria 1981.

2. **Artikels in gepubliseerde boeke:**

   2.1 ***Die Kerk se werk:*** publikasie van die prakties-teologiese werkgemeenskap 1980.
   — Die studieveld van die praktiese teologie.
   2.2 ***'n Deugsame Vrou,*** Pretoria 1980
   — Die vrou en die ampte.

3. **Artikels:**

   3.1 ***Die Almanak*** 1976
   — Die huidige kerklike toestand in Nederland en Europa, 'n hermeneutiese probleem.
   3.2 ***H T S***
   — Die begrip: religieuse vorming, soos Plantinga dit ontwikkel het, 1971.
   3.3 ***Die Hervormer:***
   3.3.1 — Gelowig wees — saam met, of sonder die kerk? Junie 1980.
   3.3.2 — Verdedigingsobligasies, 1979.
   3.3.3 — Kerkganger en die prediking, 1979.
   3.3.4 — Gebedshouding in die erediens, 1980.
   3.4 ***Die Christelike Vrou:***
   — Die eise van 'n kameraadskapshuwelik, Februarie 1982.

4. **Resensies:**

   4.1 Furbitte, Lukas Vischer, 1980.
   4.2 Venster op die kerk — 20 lidmate oor die Reformasie van die Kerk in die jare 80, 1981.
   4.3 J Douma en W H Velema, Polio Afwachten of afweren, 1981.
   4.4 A C Barnard (Red.): Die diens van barmhartigheid in Skrif en Praktyk, 1982.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# TEMA: DIE NOUTETIESE BERAAD: BYBELS OF BIBLISISTIES?

11 Tim 3:16 ::Die hele skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

## 1. INLEIDEND

'n Swak ambagsman blameer gewoonlik sy gereedskap as die oorsaak vir sy swak vakmanskap. In 'n sekere sin is hierdie opmerking ook van toepassing op die predikant as "verbi divini minister". Baie predikante ervaar dit as 'n funksieverlies dat mense by dokters en psigiaters hulp gaan soek en nie meer by die kerk nie. "Dit is stellig waar dat baie predikante in ons tyd radelose beraders is . . . vandaar ook die groot belangstelling in die sielkunde en psigiatrie by predikante" (Van Niekerk 1979: 14). By die toenemende professionalisering van die hulpverlening wil die predikant nie agterbly nie. "Ook hij vraagt maatschappelijke erkenning en herkenning" (Heitink 1979: 17).

'n Vloedgolf gegewens vanuit die moderne menswetenskappe het vir baie verleë bedienaars van die Woord nuwe moontlikhede en vergesigte geopen om in die veld van geprofessionaliseerde hulpverlening te kan meeding om regmatige en professionele erkenning. Die tradisionele Woord van God as instrument van die "verbi divini minister" is onvoldoende en gebrekkig om suksesvol te kan kompeteer. Veral op die terrein van die poimeniek was hierdie stryd, om 'n regmatige erkenning te midde van ander dissiplines, die onstuimigste. Nuwe pastorale metodes is ontwerp, ander aksente is gelê, alle moontlike hulp van die menswetenskappe is in die pastoraat geïnkorporeer en geïmplimenteer. Wie hom in ons tyd met die Praktiese Teologie besig hou, as dosent of student, ondervind dieselfde beklemming. Seker meer as veertien moontlike opvattings, leërprogramme, doelstellings en aksentuerings verduister die pastorale horison (Jonker 1983: 46). Die verskille wissel van kleiner aksentuerings tot alternatiewe konstruksies van pastorale modelle.
Die beoefening van die Praktiese Teologie as wetenskap aan 'n universiteit vind nie net bloot plaas ter wille van die wetenskap self nie, maar ook met die oog op die sistematiese voorligting vir die praktyk. Naas die wetenskaplike taak het die Praktiese Teologie, soos ook alle ander akademies-wetenskaplike aktiwiteit altyd as neweproduk 'n opleidingsperspektief (Firet 1977:20). Indien 'n hoogleraar in die Praktiese Teologie dit sou aanvaar dat sy opdrag dus ook behels om vir die kerk predikante op te lei, sal hy nie slegs studente kan oriënteer ten opsigte van die wetenskaplike beoefening van sy vakgebied nie, maar sal hy ook noodwendig sy onderrig moet toespits op 'n bepaalde kerklike praktyk. Dit impliseer dat 'n keuse gemaak moet word ten opsigte van principia en praxis.

Wat verwag die kerk dan in die lig van die Skrif van sy predikante? Oor hierdie vraag sal daar duidelikheid moet wees. Dit lyk na 'n uitgemaakte saak dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in elk geval nog steeds die verwagting koester dat sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

predikante primêr bedienaars van die Woord sal wees, soos dit onder andere uiteengesit word in bepaling 149 van sy Kerkwet en Bepalings. Tereg sê W D Jonker: "Waar dit nie verstaan word nie, moet 'n mens verwag dat 'n geslag toekomstige predikante gekweek gaan word wat baie weet van antropologiese vrae en van die werking van menslike verstaansprosesse, maar wat ook gevolglik daarop meer konsentreer as op die Woord van God waaruit ou en nuwe dinge te voorskyn gehaal moet word. Sal ons só werklik goeie "bedienaars van die goddelike Woord" kweek, of halfgebakte pastorale psigoloë en kommunikasiedeskundiges? Sal ons mense van gebed kweek wat op die Heilige Gees wag en op sy krag vertrou, of sal ons mense kweek wat meer vertrou op die doeltreffendheid van hulle tegnieke? Of — wat miskien nog die haglikste is — sal ons mense kweek wat geweldig geïnteresseerd is in maatskappy-kritiese probleme, maar weinig meer verwag van die diens van die Woord waartoe hulle geroep is?" (1981:37). H Jonker formuleer die probleem op 'n ander wyse: ". . . gaat het om de vorming tot het ampt van prediker, pastor, liturg, katecheet of diakonaal werker binne de cirkel van het kerkelijke gemeenschap? Of moeten we meer denken aan de dienst aan de wereld en aan de maatschappij? Of gaat het om de vorming van de pastor in het team van medewerkers in de geestelijke volksgezondheid?" (1983:51).

Beide genoemde skrywers mag moontlik op grond van hierdie stellings beskuldig word van simplifisering, deur die probleem te dwing in 'n geforseerde skema van 'n keuse tussen twee radikale uiterstes. Dit sou onregverdig wees, want by beide skrywers blyk dit dat daar tussen hierdie twee radikale uiterstes, fynere nuanseringsmoontlikhede bestaan. Aanvanklike radikalisering van standpunte hou die voordeel in dat die problematiek duideliker afgeëts word. Verfyning en nuansering van standpunte sal noodwendig volg na die keuse van 'n prinsipiële basis vir 'n pastorale praxis.

As aanvaar word dat predikante van die Hervormde Kerk primêr bedienaars van die Woord moet wees, sal 'n teologiese oriënteringspunt gevind moet word vir 'n eventuele evaluering van 'n pastorale praktyk. As oriënteringspunt gaan ons uit van die woorde in 2 Tim 3: 16: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk".

## 2. PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORAAT VANUIT 2 TIM 3:16

In die perikoop 2 Tim 3: 10-4:6, funksioneer 3:16 as basis van die oproep dat Timoteüs, in die moeilike tyd waarin die gelowiges hulle bevind, moet volhard met die verkondiging van die Woord van God. Hierdie moeilike tye waarin die gemeente haar bevind, word veral gekenmerk deur die bestryding van dwaalleer. Waarskynlik gaan dit in al drie pastorale briewe om dieselfde dwaalleer, wat miskien die beste beskryf kan word as 'n Joodse-gnostiese sinkretisme (Du Toit 1984:188). Die skrywer[1)] wil dit beklemtoon dat indien die gemeente in hierdie swaar tye, wat in intensiteit sal toeneem, wil staande bly, die Skrif die enigste anker is waaraan hulle moet vashou. Die Skrif is die enigste bron en norm om in die waarheid te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek.

Tradisioneel is 2 Tim 3:16 gebruik as begronding vir inspirasieteorieë en 'n dogma rondom Skrifgesag[2)]. Sonder om te verval in 'n diskussie oor inspirasieteorieë wil ons saam met Dibelius (1983:120) konstateer dat dit hier nie primêr gaan oor die strydvraag van die inspirasieteorieë nie, maar dat v 16 hier funksioneer as aksentuering van die noodsaaklikheid van die Gogegewe woord as bron en norm vir die volharding in die ware geloof. Binne die raamwerk van hierdie perikoop funksioneer vers 16 dus nie as 'n uiteensetting van die wyse van skrifinspirasie nie, maar word dit bloot as feit weergegee dat die Skrif van God afkomstig is en daarom die enigste middel tot volkome toerusting vir die man van God is. Die skrywer van Timoteüs verwys waarskynlik met die Skrif na die geskrifte van die Ou Testament wat aan Timoteüs bekend was en wil die gesag van die "Skrif" beklemtoon. Die kerk bely dat ook latere geskrifte van die Nuwe Testament, wat deur die kerk gekanoniseer is in dieselfde mate gesag dra as die Skrif wat van God ontvang is. (N.G.B. art 3-7). Omdat die Skrif (op watter wyse ookal)[3)], deur God gegee is, aanvaar die kerk dat dit gesaghebbend is vir leer en lewe. Deur hierdie Skrif kan die man wat in diens van God staan volkome voorberei en toegerus wees vir elke goeie werk. Hierdie man is nie slegs die ampsdraer soos ons dit in vandag se kerklike terminologie sou weergee nie, maar is die geroepe gelowige wat God in die wêreld dien (Dibelius 1983:88). Timoteüs as leier van die gemeente geld hier as prototipe.

Hierdie Godgegewe Skrif dien in verskillende fasette van die lewe van die gelowige, met die gesag van God as enigste anker en maatstaf, naamlik: om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek. Alleenlik wanneer dit geld sal hy volkome voorberei en toegerus wees vir elke goeie werk. "The understanding of the scriptures . . . which is transmitted by the tradition makes the leader of the congregation fit for the fight against the false teaching" (Dibelius 1983:120). In die pastorale briewe onderstreep die goeie werke telkens die egtheid van die ware christelike geloof (Dibelius 1983:47).

Op grond van hierdie grondliggende tese in vers 16 gaan die skrywer dan voort om in hoofstuk 4:1-5 Timoteus te vermaan en aan te moedig om tot met die wederkoms te volhard met die verkondiging van die Woord as enigste wapen in hierdie stryd van die gelowige.

As oriënteringspunt vir 'n pastorale praxis is daar dus die volgende perspektiewe:

(a) Omdat die Skrif van God af kom het dit gesag vir leer en lewe.
(b) Die gelowige wat moet leef in 'n wêreld vol van allerlei dwaalleringe en skynwaarhede, kan maklik verlei word om hulle tot verdigsels te wend. "Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaar maak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor" (4:3b).
(c) Alleen die Skrif kan die kennis bybring wat tot die verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus (3:15).
(d) Op grond van die gesag van die Skrif is dit die enigste norm waarvolgens die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

regte lewenswyse gekweek kan word.

(e) Alleen op grond daarvan kan die voorganger van die gemeente werklik volkome toegerus wees vir sy dienswerk.

(f) Omdat die voorganger hierdie sekerheid het, kan en moet hy volhard om tydig en ontydig die Woord te verkondig deur te weerlê, te bestraf, te bemoedig en deur met geduld onderrig te gee (3:2).

As die beoefening en dosering van die Praktiese Teologie ook vir die kerk predikante wil oplei, sal die pastorale praxis binne hierdie raamwerk moet plaasvind. 'n Pastorale metode sal dus in die lig hiervan gekwalifiseerd bybels moet wees. In die wye spektrum van pastorale modelle en aksente sal dus aan die hand hiervan 'n keuse gemaak moet word.

## 3. DIE NOUTETIESE BERAAD

Vir die oriëntering en evaluering van 'n moontlike prinsipieel-teologiese basis vir 'n pastorale praktyk kies ons met voorbedagte rade die noutetiese beraad van Jay E Adams, as voorwerp van ons ondersoek. Die keuse het juis op Adams geval, omdat hy in die Amerikaanse klimaat, wat oorwegend beïnvloed word deur die "Pastoral Counselling"-beweging, 'n radikale reaksiefiguur is. Sy boek "Competent to Counsel", gee duidelike aanduidings van sy radikale reaksie teen die invloed van die psigologie. Riess (1973:197) beweer dat die "Pastoral Counselling"-beweging die pastoraat vertroud gemaak het met 'n psigologiese model en 'n psigoterapeutiese metodiek. Hierteenoor kom Adams in radikale verset, omdat die mening gehuldig word: "The minister is thought to be united in his training, abilities and tools, and must defer and refer to the psychiatrist. In short, he is not considered competent to counsel" (Adams 1977:12). Daarteenoor stel hy: "The thesis of this book is that qualified Christian counselors properly trained in the Scriptures are competent to counsel — more competent than psychiatrists or anyone alse" (Adams 1977:18). Hy is dus voorstander van 'n suiwer teologiese gefundeerde pastorale model as radikale reaksie teenoor die "pastoral counseling" as pastorale metode. Vanweë sy reaktiewe radikalisme, simplifiseer hy soms die fyner, ineengestrengelde probleemareas in die pastoraat, maar as moontlike eksemplaar hou dit tog die voordeel in dat prinsipiële verskille radikaal ontbloot word. Adams het ook 'n omvattende reeks publikasies die lig laat sien om sy "noutetiese beraad" op polemiese wyse te begrond en te verdedig en dit het weer aanleiding gegee tot 'n onkeerbare stroom van positiewe en negatiewe reaksies. Schoonhoven (1982) wy 'n publikasie van 134 bladsye aan 'n literatuuroorsig van die publikasies van Adams en die reaksies wat dit ontlok het. Hierdie ryk bron van pro-en contra-argumente vergemaklik die proses van evaluering.

### 3.1 Die verstaanshorison

Om enigsins 'n begrip te vorm van die agtergrond waarbinne en waarteen Adams se denke gevorm is, is dit onvermydelik om sekere standpunte te polariseer en met verbygaan van kleiner aksentverskille slegs grondlyne te trek. Heitink



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(1979:35) interpreteer die Amerikaanse denke in die lig van die pragmatisme, wat gekenmerk word deur 'n empiriese benadering van vrae. Hy sonder veral die naam van John Dewey uit wat sterk nadruk lê op die verkryging van kennis via ervaring, wat weer groot invloed uitgeoefen het op alle helpende beroepe. "In de 'climical pastoral training', het hart van de Amerikaanse pastorale theologie vinden we de verschillende accenten terug" (Heitink 1979:35). Hy sonder S Hiltner uit as die vernaamste verteenwoordiger van die Amerikaanse pastorale teologie.

Volgens Hielema (1975) is Hiltner se denke veral beïnvloed deur Whitehead, Tillich en Boisen. By Whitehead het hy die gedagte gevind dat teologie geen vaste formules bevat nie, maar 'n voortgaande proses is waarin elke geslag weer God moet definieer in terme van dit wat betekenis verleen aan sy eksistensie (Hielema 1975:14). By Tillich het hy die begrippe korrelasie en onvoorwaardelike aanvaarding gevind (Hielema 1975:16). By Boisen het hy die betekenis van die studie van die mens as "living human documents" ontdek (Hielema 1975:25). Volgens Heitink (1979:40) het hy ook gesteun op die siening van Rogers dat die mens die inherente potensiaal het om homself te laat realiseer: "Pastoral counseling is the attempt by a poster to help a parishioner to help himself" (Hiltner 1949:80). Hiltner het ook die terme van Rogers soos "non-directive" en "client-centered" in sy denke geïnkorporeer (Hielema 1975:68).

Die denke van Rogers en Hiltner het groot invloed uitgeoefen op die pastorale metode en het neerslag gevind in die denke van talle navolgers van die "pastoral counseling"-beweging in Amerika[4)] en die "Klinische Pastorale Vorming" in Nederland[5)]. Vanuit verskeie oorde is kritiek uitgespreek teen hierdie metode van pastoraat. Daar is gestel dat dit die bybelse antropologie in sy wese aantas omdat dit werk met 'n eensydige en gereduseerde mensbeeld. Dit verskraal die pastoraat tot 'n onbybelse terapeutiese proses[6)]. Die Skrif as norm vir die lewe van die gelowige word gerelativeer[7)].

Dit is binne hierdie verstaanshorison, wat die "Noutetiese beraad" van Adam geëvalueer moet word. Hy wil weer poog om 'n bybelse benadering in die pastoraat te implementeer. Hy is 'n reaksionêre figuur wat hom verset teen die uitlewering van die pastoraat aan 'n onbybelse metodologie. Hy staan afwysend teenoor:

3.1.1 'n "Mediese model" wat in die pasotraat ingevoer is, waarvolgens die mens die slagoffer is van sy situasie en dus van alle verantwoordelikheid onthef word (Adams 1977:6).

3.1.2 Die outonomie van die mens soos weerspieël in Rogers se metode (Adams 1977:81).

3.1.3 Die "neutraliteit" van die pastor in die terapeutiese proses (Adams 1977:85).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

3.1.4 Die ooraksentuering van emosies as bepalende faktor vir menslike gedrag (Adams 1977:93).

3.1.5 Die verpsigologisering van die pastoraat (Adams 1977:1-17).

3.2 **Verkenning van die "noutetiese beraad"**

Volgens Adams word die hart van die Evangelieboodskap bevraagteken deur die nuwere teologiese denke, die pastorale psigologie en die psigiatrie. Hy wil poog om in lyn met die reformatoriese teologie die relevansie van die Woord van God in die lewe van die mens te poneer (Hielema 1975:114). Hy verklaar self (Adams 1977:XXI) dat sy metode apriories berus op die Skrif as enigste norm vir geloof en praxis. Adams se noutetiese beraad kan geklassifiseer word as 'n Christelike apologetiek op die terrein van die pastoraat (Hielema 1975:115). Hy wil vanuit die Woord 'n pastorale metode ontwerp, wat nie afhanklik is, en voorgeskryf word deur antichristelike voorveronderstellings nie (Adams 1977:XXI).

As benaming vir sy metode van pastoraat, kies hy die nuwe testamentiese begrip nouthetein. Hy kies hierdie begrip omdat dit juis sy pastorale visie karakteriseer. Die woord het die betekenisveld van: waarsku, vermaan en onderrig. Volgens Adams (1977:44 ev) impliseer die noutetiese konfrontasie veral die volgende drie aspekte:

3.2.1 Dit veronderstel 'n struikelblok of probleem wat uit die weg geruim moet word, op grond van die veronderstelling dat God by die persoon 'n verandering ten opsigte van persoonlikheid en gedrag te weeg wil bring.

3.2.2 Hierdie noutetiese konfrontasie vind plaas deur middel van n tussenpersoonlike gesprek of diskussie (counseling).

3.2.3 Die veronderstelde motief van die noutetiese beraad is ter wille van die voordeel van die persoon en tot eer van God (Kol 1:28).

Om hierdie oogmerke te bereik beroep hy hom ook op 2 Tim 3:16 en stel dat die Skrif die enigste bron is waaruit die "noutetiese beraad" mag put (Adams 1977:51). Vir die verantwoordelike beoefening van die pastoraat is die eerste en belangrikste voorwaarde dat die pastor in die bybel en die teologie deeglik onderlê moet wees. Sielkunde kan nooit voorwaarde wees vir die pastoraat nie (Adams 1977:59 evv).

In die verdere uitwerking en begronding van sy metode grens hy hom in skerp terme af teen die sielkunde en psigiatrie, veral teen die Freudiaanse denke, wat volgens hom die mens totaal ontneem het van sy verantwoordelikheid. Freudiaanse denke lei daartoe dat die mens nie meer verantwoordelik is vir sy situasie en mislukkings nie, omdat dit volgens 'n mediese model veroorsaak word deur eksterne faktore en invloede (Adams 1977:4 evv). Mense met probleme word as geestelik siek geïdentifiseer. Adams onderskei slegs twee moontlike oorsake van "geestelike siektes"



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

naamlik fisiese oorsake en sonde. Hy laat geen ruimte vir 'n derde kategorie van geestelike of psigiese oorsake nie. Volgens hom skuil baie mense met sondige lewenspatrone agter die dekmantel van "geestelike siekte" (Adams 1977:26 evv). Adams se kritiek is veral gerig op die toegepaste psigologie in die hulpverlening naamlik die psigoterapie en die psigiatrie. Hy verwerp nie die psigologie nie, maar wel die toepassing daarvan in die hulpverlening, soos onder andere die psigo-analise en die rogeriaanse terapie (Schoonhoven et al. 1982:6).

Met dieselfde erns waarmee hy hom enersyds afgrens teen die toegepaste sielkunde in die pastoraat, poog hy andersyds om Bybelse motiewe in die pastoraat te laat funksioneer. Veral die volgende Bybelse aspekte van sy metode verdien vermelding:

3.2.3.1 Die beklemtoning van die mens as verantwoordelike skepsel voor God (Adams 1977:83).

3.2.3.2 Die erns van die mens as sondaar voor God (Adams 1982:118 evv).

3.2.3.3 Die verlossing in Christus wat ook moet lei tot heiligmaking (Adams 1982: 53 evv).

3.2.3.4 Die noodsaaklikheid van skuldbelydenis, vergewing en versoening (1982:53 evv).

3.2.3.5 Die pneumatologiese onderbou van sy pastoraat (Adams 1977:20).

3.2.3.6 Die regmatige erkenning van die Christelike opsig en tug (Adams 1982:53 evv).

3.2.3.7 Die belangrikheid van die Christelike hoop en gebed in die pastoraat (Adams 1982:39).

3.2.3.8 Die implementering van die dubbele faset van bekering as beide breek met die sonde asook die najaag van die goeie (Adams 1982:169-214).

3.2.3.9 Die wegbeweeg van 'n gevoelsgeoriënteerde gesindheid na 'n geloofsgehoorsame ingesteldheid (Adams 1982:112-118).

Hierdie genoemde aspekte mag die indruk wek dat dit hier gaan om 'n blote teologisering oor die pastoraat. Die prikkelende van Adams se siening is egter juis dat hy 'n ernstige poging aanwend om vanuit sy teologiese begronding te kom by die praktiese implementering daarvan. Dit is een van die weinige pastorale modelle wat werklik uitkristalliseer in die praktyk. Hy probeer en slaag grotendeels daarin om vir die pastor 'n praktiese handleiding te gee vir die implementering van hierdie Bybelse beginsels. Hy skroom nie om deur middel van huiswerkopdragte sy Bybelse beginsels op 'n praktiese wyse in sy pastoraat te laat funksioneer nie (Adams 1982:294-317).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 3.3 Positiewe en negatiewe reaksies

Adams het sy pastorale en teologiese denke die wêreld ingedra in 'n omvattende aantal publikasies[8]. Van sy werke word vertaal in Nederlands en Duits. Van sy aanvanklike publikasie "Competent to Counsel" is reeds meer as een miljoen eksemplare verkoop (Schoonhoven et al 1982:8). Sommige van sy belangrikste publikasies beleef alreeds die twaalfde druk[9].
Sy standpunt het wêreldwyd positiewe en negatiewe kritiek ontlok[10]. Die reaksie op sy standpunte kan onder die volgende aspekte gegroepeer word:

### 3.3.1. Reaksionêre afgrensing teenoor die psigiatrie en aanverwante dissipline:

Adams word allerweë daarvan beskuldig dat hy hom op 'n simplistiese en rigiede wyse afgrens teen die psigiatrie en aanverwante dissiplines[11].

Dit moet in gedagte gehou word dat Adams 'n reaksiefiguur is. Elke reaksionêre standpuntinname het die potensiële gevaar van radikaliteit en eensydigheid. Adams het ook in die strik getrap (dalk doelbewus!). Die kritiek van Smuts (1980:51) dat alle menslike probleme nie slegs in twee kategorieë verdeel kan word nie, is geregverdig. Die insigte van die psigosomatiek kan nie geïgnoreer word nie. Adams distansieer hom van die psigologie en beweer dat hy alleen Bybels wil wees. Tog blyk dit duidelik in die toepassing van sy Bybelse beginsels dat hy sterk leuen op en gebruik maak van psigologiese insigte van Glasser, Mowrer, Szaz, Skinner en Frankl (Schoonhoven et al 1982:14; Van Niekerk 1979:17).

Hierdie radikaal, simplistiese eensydigheid ten opsigte van die psigologie en die betekenis wat dit vir die pastoraat inhou moet afgewys word. 'n Meer gebalanseerde benadering is noodsaaklik waarin die pastoraat ook met dankbaarheid en vrug gebruik kan maak van sy hulpdissiplines. Die radikale teregwysing van Adams ten opsigte van 'n verpsigologiseerde pastoraat moet egter ook ernstig geneem word. Die pastoraat sal nie kritiekloos en klakkeloos alle "hulp" kan inkorporeer nie, maar sal voortdurend die norm van die Woord moet aanlê in die evaluering van hierdie hulp.

### 3.3.2. Bybelgetrou

Vanuit baie oorde is Adams se benadering verwelkom as 'n welkome vars bries op die terrein van die pastoraat. Waar die pastorale visie vanuit die Skrif in baie opsigte verduister is deur invloede van nie-teologiese wetenskappe, het die noutetiese beraad weer gepoog om 'n Bybelgetroue pastorale visie te open. De Klerk (1978:44) boekstaaf sy positiewe waardering vir die handhawing van die Bybels-teologiese inhoude. Talle ander is ook die mening toegedaan dat Adams bybels-teologiese begronding aan die pastoraat verleen (Schoonhoven et al. 1982:34 evv; Van Niekerk 1979). Adams steun op die reformatoriese teologie van Calvyn (Schoon-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoven et al. 1982:4; Hielema 1975:227 evv).

Die meeste kritici is eenstemmig dat Adams op 'n Bybelgetroue wyse sy pastorale benadering fundeer.

### 3.3.3. **Biblisisties**

Die interessante verskynsel is dat nieteenstaande die waardering vir sy Bybelse gebondenheid daar feitlik eenstemmig kritiek uitgespreek word teen sy biblisistiese metode van skrifhantering[12)]. Adams is geneig om die Bybel as 'n teksboek vir sy pastoraat te gebruik, waar binne elke situasie 'n geskikte teksvers gesoek word. Sy hantering van teksverse geskied ook dikwels op grond van die blote gesigwaarde, sonder om te vra na die funksionering van die bepaalde teks in sy wyer verband[13)].

Hierdie eenstemmige kritiek op die biblisistiese skrifhantering in Adams se "Noutetiese beraad", is gegrond en regverdig en blyk uiteindelik een van die vernaamste en mees standhoudende besware teen sy metode te wees.

## 4. **BYBELS OF BIBLISISTIES?**

Die skynbare teenstelling tussen Bybels en biblisisties kom hier sterk na vore. Enersyds is daar die positiewe waardering vir die Bybelse benadering in die "noutetiese beraad" en andersyds die skerp veroordeling van sy biblisistiese skrifhantering. Die vraag is of die negatiewe kritiek ten opsigte van sy biblisistiese neiging die positiewe momente van sy Bybelse gebondenheid kanselleer? Kan ons die noutetiese beraad in toto afwys op grond van biblisistiese trekke? Dit sou myns insiens daarop neerkom dat die kind saam met die badwater uitgegooi word.

Om dit te kan beantwoord sal ons kortliks moet kyk na die terme Bybels en biblisisties. Met die term bybels word bedoel dat uitsprake en standpunte gemeet word aan die norme soos in die Skrif vervat. In soverre sulke uitsprake in lyn sou wees met beginsels wat in die geheel van die Skrif vervat is, kan dit as Bybelgetroue uitsprake gekwalifiseer word. Dit is natuurlik nie so 'n eenvoudige saak om uit te maak of, en in hoeverre daar van 'n Bybelse standpunt in die geheel van die Skrif gepraat kan word nie. Die kerk het deur eeue heen hierdie Bybelse inhoude probeer verwoord aan die hand van sy belydenisgeskrifte. Hierdie Bybelse inhoude het ook neerslag gevind in die kerk se teologiebeoefening en in die besonder, binne 'n reformatoriese kerk, sal hierdie inhoude gevind kan word in die neerslag van die reformatoriese teologie. As ons dus standpunte wil beoordeel aan hulle Bybelgetrouheid sal dit moet geskied binne die breë verwysingsraamwerk van die Skrifboodskap, die kerklike belydenis en die reformatoriese teologiebeoefening.

Gemeet aan hierdie breë verwysingsraamwerk kan ons sonder vrees vir teenspraak konstateer dat die "noutetiese beraad" van Adams as Bybels gekwalifiseer kan word. Die breë Bybels-teologiese beginsels word dus deur die denke van Adams bevorder en uitgebou.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Met die term biblisisties word bedoel dat teksverse los van die wyer verband waarin dit funksioneer, bloot op die gesigwaarde daarvan gebruik word (Hielema 1975:233; Müller 1981:18 ev). Biblisistiese skrifhantering beteken dat die teks los van sy oorspronklike betekenis-funksionering binne sy strukturele verband gebruik word en 'n betekenis daaraan toegeken word, wat nie 'n vertolking is van sy oorspronklike bedoeling nie. Reeds genoemde kritiek teen Adams se noutetiese beraad, waarin hy beskuldig word van biblisisme blyk by nadere ondersoek in baie gevalle korrek te wees. Tereg sê Müller (1981:19) "Nooit mag die teks in die pastorale situasie iets gaan sê wat vreemd sou klink in die eksegetiese situasie nie. wat ook vreemd sou wees aan sy intensie of skopus nie".

As gevolg van sy biblisistiese skrifhantering kan baie van Adams se uitsprake aan die hand van grondige eksegese van die bepaalde teksgedeeltes afgewys word. So kan 'n mens byvoorbeeld op eksegetiese gronde die volgende bevraagteken:

* as hy op grond van Gen 4:3-7 die afleiding maak dat God hier die belangrike beginsel neerlê dat menslike gedrag die prikkel is tot menslike emosies (Adams 1982:399).
* as hy beweer dat Openbaring 2:4-5 die basiese oorsake van depressie by mense aantoon (Adams 1982:399).

